Vroeë Kind Ontwikkeling Sentrum (VKO-Sentrum)

INLIGTINGS-DOKUMENT

2017

Junior Akademie Vroeë-Kinderontwikkelingsentrum
admin@juniorakademie.co.za
www.juniorakademie.co.za

Unielaan 1, Uniepark, Stellenbosch
Faks: 086 732 0165
Tel: 021 883 3850

Junior Akademie is ''nn privaat Vroeë Kind Ontwikkeling Sentrum (VKO-Sentrum) wat daarna streef om die voorskoolse kind en hul ouers op ''nn informele wyse emosioneel, verstandelik en liggaamlik voor te berei op latere formele skoolsituasies. Die sentrum het word''nn bestuur deur 'n raad van Trustees wat besluite neem oor die werking van die sentrum. Ouers kan betrokke raak by Junior Akademie deur deel te raak van die ouerkomitee. Junior Akademie funksioneer finansieel onafhanklik en werk streng volgens ''nn begroting wat jaarliks goedgekeur word deur die Bestuur van Junior Akademie. Junior Akademie is ook geregistreer by die Departement van Maatskaplike Dienste.

VISIE

Uitnemendheid deur uniekheid en ondersteuning.

MISIE

Om die voorskoolse kind op informele wyse emosioneel, verstandelik en liggaamlik op te voed. Om die totale kind voor te berei op die latere formele skoolsituasie.

Ons wil dit bereik deur middel van uitnemende diens, toerusting en personeel. Weens ons unieke Christelike karakter sal ons daarna streef om met integriteit op te tree en ons kinders geloofswaardes en norme te leer. Graag wil ons u as ouers ondersteun en hulle hande vat in met hulle u opvoedingstaak.

TAAL

Die onderrigmedium is primêr Afrikaans. Alle korrespondensie aan ouers vind plaas in Afrikaans.

TOELATINGSVEREISTES

Kinders vanaf ouderdom 4 maande tot 5 jaar kwalifiseer. Elke aansoek is onderhewig aan ''nn afspraak met die hoof, Lorain Smit. Tydens die onderhoud moet die kleuter/baba waarvoor aansoek gedoen word teenwoordig wees. Na afloop van die onderhoud sal u skriftelik in kennis gestel word of u aansoek suksesvol was al dan nie. Aangesien ons aan departementele voorskrifte moet voldoen oor die hoeveelheid kinders by die sentrum per dag, kan ons slegs ''nn sekere aantal kleuters toelaat tot die sentrum. Indien u kleuter/baba nie dadelik toelating kry nie, kan hul naam op ''nn waglys geplaas word. Indien daar kansellasies plaasvind, kontak ons die name op die waglys.

Ons personeel evalueer die kleuters deurlopend. Indien ontwikkelingsmylpale nie bereik word nie,.uitvalle geidentifiseer wor
d sal u persoonlik gekontak word. word om die uitvalle te bespreek. Ons vra dat u ons waarneming met ''nn oop gemoed sal ontvang en ook hierin ons hande sal neem. reël vir verdere toetsing om 'n formele diagnose te verkry. Indien 'n kleuter gediagnoseer word op die spektrum, sal bywoning by Junior Akademie slegs kan geskied met 'n opgeleide fasiliteerder.

ALGEMENE INLIGTING EN HUISHOUDELIKE REËLS

- JA se deure open om 7:15 soggens en sluit om 17:30 saans.
- Oggend bywoning begin vanaf 7:30 en die dagprogram duur vanaf 08:30 tot en met 12:00 (12:30 vir Dolfyne).
- Die dagprogram begin om 08:30 tot 12:00 (12:30 – Dolfyne). Kleuters moet dus dan teen 08:30 reeds klaar geëet het. Kleuters wat by die sentrum ontbyt kom eet (bring saam) moet voor 8:00 by sentrum wees. Indien kleuters na 8:00 afgelaai word, moet hulle reeds ontbyt gehad het.
- Oggend bywoning strek vanaf 7:30 tot 12:00 (12:30 – Dolfyne).
- Daar is 'n wagklas vanaf 12:00 tot 12:30 (Bytjies & Hasies) om ouers te akkommodeer wat bietjie later moet werk. Ouers wat hulle kleuters nie teen 12:30 kan kom afhaal nie moet dan saam met die voldag maatjies slaap. Die Dolfyntjies en Skoenlappers se wagklas is in die Dolfyne-klas. Indien 'n kind na 14:00 gehaal word, sal u vir daardie dag beboet word met R100. Indien iets voorval wat buite u beheer is kontak asb. die kantoor.
- Geen kind mag ná 17:30 by die sentrum gelaat word nie. Hou asseblief stiptelik by die sluitingstyd. Indien 'n kind na 17:30 gehaal word sal u R100 per halfuur beboet word met 'n minimum van R100.
- Die Beertjies(4-12m) en Pikkewyntjies(13-18m) word by Martinsonstraat se ingang afgelaai. Ons vra vriendelik dat u van die afgemerkte parkeerplekke gebruik sal maak. Die res van die kleuters gebruik die ingange aan weerskante van die geboue. Toegang word verkry deur 'n sekuriteitstelsel wat werk met u vingerafdruk. Maak asb. seker dat u u vingerafdruk laat inlees by die kantoor.
- Kinders MOET tot by die klasse gebring word en weer daar afgehaal word.
- Toesig is gedurende die April, Junie en September vakansies beskikbaar teen geen ekstra kostes vir ingeskrewe kinders. **Die sentrum sal egter jaarliks gesluit wees gedurende openbare vakansiedae, skolevakansiedae wat saam met 'n langnaweek val (gewoonlik 5 per jaar) en die hele Desember skoolvakansie. Presiese datums is beskikbaar op die "Communicator"**
  - Indien iemand anders u kindjie by die skool kom haal, moet die kantoor per e-pos of telefonies in kennis gestel word. Indien werknemers van ouers die kinders kom haal, moet die hoof of sekretaresse ingelig word
  - .**Alle kommunikasie met ouers sal plaasvind deur middel van die "Communicator"** wat u kan aflaai op u rekenaarRekenaar of slimfoon (www.school-communicator.com).
- Dit is u verantwoordelikheid as ouer om die "Ccommunicator" te installeer en so op hoogte te bly van alle kommunikasie by Junior Akademie.
- Aflospersoneel vir die sentrum word deur die hoof gereël.

FOOIE

- **'N JAARLIKSE REGISTRASIEFOOI VAN R700 PER KIND IS BETAALBAAR (Betaalbaar teen einde Junie)**
- Hierdie fooi is nie terugbetaalbaar sou u kanselleer voor toelating nie.
- Die fooie vir die daaropvolgende jaar is beskikbaar in Oktober. U as ouer het die keuse om die jaarlikse fooi op verskillende maniere te vereffen:
- Eenmalige Betaling:

  Indien die volle jaar se fooie vereffen word voor die 28ste28e Februarie kwalifiseer u vir ''nn 5% korting. Indien u die volle bedrag vereffen na die 28ste28e Februarie sal u nie kwalifiseer vir die korting nie.
- 12 Maandelikse Betalings:

  Die jaarlikse fooi word opgedeel in 12 gelyke dele. Betaal vanaf Jan – Des.
- 10 Maandelikse Betalings:

  Die jaarlikse fooi word opgedeel in 10 gelyke dele. Betaal vanaf Feb – Nov.
- Hierdie maandelikse fooi is betaalbaar voor of op die 7de dag van elke maand. Fooie is elektronies betaalbaar. Kontant betalings word slegs per uitsondering ontvang in die kantoor en is onderhewig aan 'n kontantheffingsfooi van R50. GEEN kontantbetalings in die bankrekening nie asb! 'n Laat betalingsfooi van R150 sal gehef word indien skoolfooie nie betaal is teen die 7de dag van die maand nie. Indien skoolfooie met 1 (een) maand agterstallig is sonder skriftelike toestemming van Junior Akademie sal toegang tot die skool geweier word totdat die agterstallige gelde ten volle vereffen is.
- Die bankbesonderhede is as volg:

  Junior Akademie Trust

  ABSA Spaar

  Stellenbosch

  923 198 2466
- Ouers sal aanspreeklik gehou word vir die volle vereffening van een MAAND se skoolgelde indien kinders onttrek word sonder EEN maand skriftelike kennisgewing. Dit geld ook in die geval van eerste toelatings. **NOVEMBER MAG NIE AS ''NN KENNISMAAND GEBRUIK WORD NIE!**

KANTOOR-URE

Die kantoor is oop Maandae tot Vrydae vanaf 07:30-14:00.

Kontakpersoon: René Markgraaff

Kontaknommer: 021-8833850 / JA Selfoon: 079 459 0501

E-pos: admin@juniorakademie.co.za

Hoof: hoof@juniorakademie.co.za

ALGEMEEN:

- Rugsakkie, duidelik gemerk.
- Gemerkte, digsluitende kosblik en koeldrankbottel (Suigbottel)
- Ekstra stel duidelik gemerkte speelklere in plastieksakkie. Vervang hierdie ekstra stel klere sodra u agterkom dat u kleuter die ekstra stel klere gebruik het.Sodra kleuters begin met "potty training" plaas asb. baie ekstra klere in die sakkie.
- 'n Matrassie (voorgeskrewe matrassies is beskikbaar op bestelling by kantoor) en beddegoed (laken, kombersie) is noodsaaklik vir kleuters wat voldag bywoon. Beddegoed word elke Vrydag huis toe gestuur om gewas te word. Die matrassie bly u eiendom. Mates van matrassie is 1200mm x 550mm.
- Kleredrag moet van so 'n aard wees dat dit mag vuil word en gemaklik is om mee te verf, klei te speel en in die sand mee te speel.
- **ALLE KLEDINGSTUKKE EN SKOENE MOET DUIDELIK GEMERK WEES**.
- Ouers moet sorg dat alle klere, haarknippies, haarbande, brille ens. in u kindjie se sakkie is voordat hulle huis toe vertrek.
- In die winter kan kinders waterstewels dra en gewone skoene saambring.
- Indien items of kledingstukke in u kleuter se tas beland wat nie aan hulle behoort nie, stuur asb die volgende dag terug skool toe.

SPEELGOED

- Ontmoedig u kindjie om speelgoed en ander persoonlike besittings skool toe te bring. Dit raak weg en veroorsaak groot hartseer.
- Uitsonderings, met inagneming van die kindjie se emosionele behoeftes, kan gemaak word.
- Dit gebeur soms dat kinders blokkies of ander artikels van die skool af huis toe bring. U hoef nie ontsteld te raak nie, vra net dat hy/sy dit aan sy opvoeder terugbesorg die volgende dag.

VERVERSINGS

- Begin elke dag met 'n goeie ontbyt tuis. 'n Lustelose, prikkelbare kindjie kan nie die sentrum se aktiwiteite geniet of na wense benut nie. Indien kleuters voor 8:00 al afgelaai word kan u vir hulle pappies en melk saamstuur wat hulle kan eet in die klassie.
- Die kinders geniet om ongeveer 07:30 / 11:00 verversings in hulle klassies. Vir hierdie eetroetine kan u toebroodjies, kaas, vrugte of enige ander gesonde, voedsame versnaperings en melk of vrugtesap saamstuur.
- **GEEN GASKOELDRANK,, KOUGOM OF LEKKERS** word toegelaat nie.
- Slegs Vrydae kan hulle lekkers/ koekies SAAM met hul gewone kospakkies bring.

VERJAARSDAE

Dit het gewoonlik groot opgewondenheid tot gevolg. Daar word groot ophef gemaak van die verjaardagmaatjie op sy spesiale dag. Daar word een keer 'n maand partytjie gehou vir al die maatjies wat in daardie betrokke maand verjaar het. Die mammas van die verjaardagmaatjies kommunikeer onder mekaar en reël vir verversings vir die partytjie. 'n Geskikte datum moet net met die juffrou van die klas gereël word. Ouers mag iets lekker bring soos kolwyntjies "Cup cakes" of 'n koek. 'n Skenking van 'n leesboekie deur ons verjaardagmaatjie aan ons JA-Biblioteek word gedoen in die maand van sy/haar verjaardag. Die verjaardagmaatjie mag op daardie dag 'n spesiale speelding saambring om vir sy maatjies te kom wys en meer te vertel.

SIEKTES

- Kliniekkaarte moet op datum wees. 'n Afskrif moet ingesluit wees by u aansoek.
- Indien u kindjie 'n aansteeklike siekte het **MOET** hy/sy tuisbly.
- Die kantoor moet in kennis gestel word as u kindjie siek is. E-pos of sms is voldoende – Selfoonnommer: 079 459 0501
- **GEEN MEDIKASIE MAG DEUR DIE SKOOL TOEGEDIEN WORD NIE. INDIEN U KLEUTER MEDIKASIE MOET KRY MOET HY/SY LIEFS TUIS BLY.**
- Lig die opvoeder ook in oor gebeure wat tuis plaasgevind het of in die familie wat moontlike vreemde gedrag by u kindjie kan veroorsaak. (Soos pappa of mamma wat dalk uitstedig is vir besigheid, ouma en oupa kom kuier, ens.)
- **Indien u kind enige van die volgende simptome gedurende die vorige 24 uur getoon het, moet hy/sy ASSEBLIEF TUIS BLY :**
  - Vomering
  - Diarree
  - Ooginfeksie
  - Wurms
  - Kopluise
  - Hoë koors
  - Uitslag
  - Enige ander aansteeklike siekte of kindersiekte

- Indien daar 'n mediese noodgeval is en ons kan nie die ouers in die hande kry nie en ons voel dat 'n mediese dokter se aandag nodig is, sal ons vir dr. Jannie Brink en vennote kontak. Hulle het 'n onderneming met Junior Akademie om uit te kom na ons, sou die situasie dit vereis. Die praktyk se tel nr is: 021-8872820. Hulle het ook onderneem om JA se ouers te help in 'n noodgeval sou u van hulle dienste wou gebruik maak.

TEMAS

Temas word weekliks of twee-weekliks verander en is op die "Communicator" beskikbaar onder die "huiswerk" afdeling. U kan gerus ook met u kindjie daaroor gesels. Elke Vrydag sal al die kuns en kreatiewe werkies rakende die tema ook huis toe gestuur word.

OUERBETROKKENHEID

Die sentrum het 'n JA-ouerkomiteekomitee wat gedurende die jaar projekte aanpak wat fokus op gesellige samesyn, fondsinsameling en inligting oor onderwerpe, rakende ouers en kinders, fokus. U as ouer kan hier betrokke raak. U betrokkenheid hierby word hoog op prys gestel.

OPBOUENDE KRITIEK

Ons verwelkom dit dat u oor enige saak wat u pla dadelik met die opvoeders en/of hoof kom gesels sodat daar aandag aan gegee kan word. Sonder u insette kan ons nie aan 'n sterk en geloofwaardige Junior Akademie bou nie. Alle besluite wat deur die bestuur geneem word sal deur die kantoor van JA gekommunikeer word aan u as ouers d.m.v die "Communicator". Bestuurslede is nie by magte om met u as ouers te kommunikeer nie.

DIE HOOF - AFSPRAKE

U is welkom om soggens en smiddae op informele wyse met haar te gesels of 'n afspraak te maak vir meer dringender sake. Indien die hoof se kantoordeur toe is, vra ons dat u dit asb. sal respekteer. U kan dan 'n afspraak maak by die sekretaresse om die hoof te kom spreek.

VORDERINGSVERSLAE

- Aan die einde van die tweede en vierde kwartaal ontvang u 'n vorderingsverslag van u kindjie. Die vorderingsverslag wat in Junie uitgegee word, moet asb. in die eerste week van die derde kwartaal terugkom skool toe. Junie se verslaggie sal weer in Desember aan u terugbesorg word.
- Bespreek asseblief alle probleme of onduidelikhede met die opvoeder.
- U kleuter is vir ons kosbaar en sy/haar emosionele en intellektuele ontwikkeling is vir ons van onskatbare belang. Ons het die vrymoedigheid om vir u as ouer te vra om ons te kom sien indien daar uitvalle is om moontlike oplossings te vind.

DAGPROGRAM

Die dagprogram sal bestaan uit afwisselende vryspel (binne of buite) en georganiseerde speelgroep-aktiwiteite (dit sluit onder andere in: verf, teken, knip, plak, sing, musiek-aktiwiteite, bewegingsaktiwiteite en spel onder toesig met opvoedkundige speelgoed). Alle kleuters moet asb. reeds teen 08:30 by die sentrum wees. Laat- kom ontwrig die hele klassie. Die dagprogram verloop naastenby as volg:

7:30-8:00	Ontvang kinders
8:00-8:30	Ontbyt
8:30-8:45	Bybelstorie / Liedjie
8:45-9:00	Sirkel- tyd (Tema- bespreking)
9:00-9:15	Liedjie / Rympie
9:15-9:45	Kuns- aktiwiteit
9:45-10:00	Leer volgens tema
10:00-11:00	Vryespel
11:00-11:30	Eet
11:30-11:45	Leer volgens tema
11:45-12:00	Storietyd

12:00-12:30	Vryespel	Wagklasmaatjies
12:00-14:00	Voldag maatjies slaapslap	
14:00-14:30	Wakker maak en eetroetine	
14:30-15:00	Vryespel binne	
15:00-16:00	Aktiwiteit buite	
16:00-16:30	Storietyd	
16:30-17:30	Vryespel – Ouers arriveer	

AFVALMATERIAAL EN HOUERS

Ons sal u vooraf laat weet watter materiaal ons benodig, want ons stoorplek is beperk. U kan rekenaarpapier, kaartjies, boksies, deksels, kurkproppe, verpakkingsmateriaal, knope, sponsrubber, materiaal, kunsleer en x-straalplate vir ons bêre asb.

FANTASIEKLERE

Konsertklere, ou hoede, klere, serpe, handsakke, ens. is beskikbaar in die klassies vir die kinders. Skenkings is altyd welkom.

Ons vertrou dat u kind, en ook u as ouer, baie gelukkig sal wees in u verbintenis met Junior Akademie. Ons sal ten alle tye ons bes doen om 'n veilige omgewing te skep en u kind genoeg liefde en stimulasie te bied. Ons wil Junior Akademie uniek hou deur deurlopend topgehaltedeurlopend topgehalte opvoeding te lewer.

UITREIK

By Junior Akademie wil ons graag 'n verskil in ons gemeenskap maak en daarom doen ons jaarliks uitreike na ander VKO sentrums. U sal op hoogte gehou word van die uitreike.

.

Ons vertrou dat u kind, en ook u as ouer, baie gelukkig sal wees in u verbintenis met Junior Akademie. Ons sal ten alle tye ons bes doen om 'n veilige omgewing te skep en u kind genoeg liefde en stimulasie te bied. Ons wil Junior Akademie uniek hou deur deurlopend top-gehalte opvoeding te lewer.

Junior Akademie moet jou kind se huis weg van die huis wees waar tonne liefde gegee word en speel-speel geleer word.